

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

S T U D Y

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**DRAMATIESE KUNSTE
FEBRUARIE/MAART 2017**

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:
- | | |
|--|------|
| AFDELING A: 20 ^{ste} -eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A****VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**

Verwys na die toneeltekste wat jy bestudeer het en die betrokke 20^{ste}-eeuse Teaterbeweging.

EPIESE TEATER

- *Caucasian Chalk Circle* Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* Vertaling van Bertolt Brecht-toneeltekste
- *Mother Courage* Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* Vertaling van Bertolt Brecht-toneeltekste
- *The Good Person of Szechwan* Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* Adam Small

OF**TEATER VAN DIE ABSURDE**

- *Waiting for Godot* Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* Vertaling van Samuel Beckett-toneeltekste
- *Bagasie* André P Brink
- *The Bald Primadonna* Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* Vertaling van Eugene Ionesco-toneeltekste

OF**POSTMODERNE TEATER**

- *Skrapnel* Willem Anker
- *Top Girls* Carol Churchill
- *Popcorn* Ben Elton
- *Buried Child* Sam Shepard

3. **AFDELING B**

Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 2: *Woza Albert!* Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**

VRAAG 3: *Sophiatown* Junction Avenue Teater Company **OF**

VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* PG du Plessis

4. **AFDELING C**

Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 5: *Nothing but the Truth* John Kani **OF**

VRAAG 6: *Groundswell* Ian Bruce **OF**

VRAAG 7: *Mis* Reza de Wet

5. **AFDELING D**


Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag. VRAAG 8 is VERPLIGTEND.

AFDELING A: 20^{ste}-EEUSE TEATERBEWEGINGS

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

VRAAG 1

Bestudeer BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

BRON A

Kies EEN van die aanhalings in BRON A hierbo wat die kenmerke van die 20^{ste}-eeuse Teaterbeweging wat jy hierdie jaar bestudeer het, die beste voorstel/uitbeeld:

- Teater van die Absurde **OF**
- Epiese Teater **OF**
- Postmoderne Teater

Bespreek, in 'n opstel, hoe die aanhaling wat jy gekies het, toon hoe die betrokke 20^{ste}-eeuse Teaterbeweging destyds teateraanbieding ten opsigte van opvoertegnieke, -middele/toestelle en -konvensies verander het.

Dui die titel van die toneeltekste wat jy bestudeer het, bo jou opstel aan.

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 2: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON B**WOZA ALBERT! – 'N RESENSIE DEUR SARAH ROBERTSON**

Uitstekende stel, uitstekende beligting, uitstekende kostuums en rekwisiete – met die slim gebruik van die voorgenoemde bly *Woza Albert!* tipies van Grotowski se Arm/Gestroopte Teater en bring dit hulde aan Suid-Afrika se Protesteater wat in die laat 1970's en 1980's te voorskyn gekom het. Dit is skerpsinnige anti-apartheidsatire op sy beste. 5

Met minimale kostuums herskep Zondi en Nzimade die hele Suid-Afrika en voer ons weg na die wrede werklikheid van apartheid-Suid-Afrika in die 1980's.

Die gehoor brul die hele tyd van die lag – die teks is treffend met skreeusnaakse, indringende kommentaar wat ons na die werklikheid terugsleep.

Die realiteit is dat talle van die kwessies wat *Woza Albert!* in 1981 aangeraak het, steeds in 2016 ervaar word ... volslae armoede, daaglikse honger, die onmeetlike skeiding tussen ryk en arm, substandaard onderwys, vrees, haat, desperaatheid en die voortslepende uitbuiting van die meerderheid wat werk om die minderheid te verryk. 10

Morena se verskyning bring die belofte van huise, rykdom, onderwys en kos vir almal. Dis 'n skimp op die ontelbare beloftes wat voor die voete van die armstes gelê word wanneer dit verkiesingstyd is. *Woza Albert!* se voortgesette toepaslikheid op Suid-Afrika is groot, maar droewig. Die dompas is nie meer nodig nie, maar die kloof is duidelik vir enigiemand met oop oë en ore. Ons hoor: 'Watse land is dit dié? Mense bedel op straat terwyl mense aan die ander kant se kaste oorloop van kos.' Dit herinner ons voortdurend aan waar ons vandaan kom; party sê van ver af. Maar terselfdertyd hou dit ons voete plat op die aarde in ons daaglikse stryd en praat oor waarheen ons nog moet gaan. 15 20

- 2.1 Verduidelik die 'slim gebruik' (reël 2) van die rekwisiete. Verwys na EEN voorbeeld in die toneeltekst. (2)
- 2.2 Beskryf die beligting en kostuums wat in 'n produksie van *Woza Albert!* gebruik kan word sodat dit 'tipies van Grotowski se Arm/Gestroopte Teater' (reël 2–3) sal wees. (4)
- 2.3 Wat sal die voordele daarvan wees om 'n produksie van *Woza Albert!* in 'n Arm/Gestroopte Teater-styl op te voer? (4)
- 2.4 Verduidelik hoe *Woza Albert!* 'anti-apartheidsatire' (reël 4) gebruik om uitdrukking aan ernstige apartheidskwessies te gee. Gee TWEE voorbeelde van die tegnieke gebruik. (4)

- 2.5 Beskryf hoe die akteurs, Zondi en Nzimade, 'die hele Suid-Afrika' kan 'herskep' (reël 6) deur die volgende:
- Karakterisering
 - Fisieke gedaantewisseling
 - Vokale verskeidenheid
- (6)
- 2.6 Ontleed die impak van die gebruik van komedie op 'n gehoor ('brul ... van die lag') (reël 8) terwyl hulle na 'n ernstige toneelstuk kyk.
- (4)
- 2.7 Na jou mening, hoe het die Protesteater van die 1970's en 1980's die sosiopolitieke transformasie van Suid-Afrika beïnvloed?
- (6)
- 2.8 Bespreek of die temas in *Woza Albert!* dieselfde kwessies weerspieël wat ons samelewing vandag uitdaag. Verwys na reël 10–22 en die toneelteks as 'n geheel wanneer jy jou antwoord saamstel.
- (10)
[40]

VRAAG 3: SOPHIATOWN DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON C**SOPHIATOWN – 'N RESENSIE DEUR LUVUYO KAKAZA**

Purkey se *Sophiatown* is in 'n repetisielokaal van die Junction Avenue Theatre Company bedink en was die gevolg van 'n gesamentlike poging deur 'n groep veelrassige, militante teaterpraktisyne.

Sophiatown neem die gehoor op 'n reis terug na die 1950's en *Sophiatown* se goue tydperk voordat dit gesloop is. 5

Die Junction Avenue se musiekvertoning neem die gehoor op 'n reis van die melodiese bloeityd van *Sophiatown* – 'n stedelike woonbuurt waar swart mense eiendomsreg gehad het – na die verwoesting daarvan in 1955.

Die drama speel af in 'n sjebeen, wat deur Mamariti (Nandi Nyembe) bestuur word. Dit is in hierdie smeltkroes van kulturele verskille waar die gehoor voorgestel word aan karakters soos Mr Fahfee (Sello Sebotsane), 'n lid van die kongres en aktivis wat nuus oor die stryd aan huishoudings in die gebied bring. Dan is daar Mingus (Arthur Molepo, die enigste oorblywende lid van die oorspronklike 1986-rolverdeling), 'n lid van die American-bende, en Charlie (Wayne van Rooyen), sy helper wat homself skaars kan uitdruk en 'n obsessie met skoene het. 10
15

Vir Purkey is die doel van sy musiekvertoning om op te voed en te vermaak. Purkey glo dat dit goed is dat Suid-Afrikaners hulle stories vertel en dat hulle nie kompromieë moet aangaan nie. *Sophiatown* het oor die musikante gegaan wat kragdadig verwyder is toe die plek gesloop is. Dit is 'n wonderlike storielyn vir 'n rolprent.

'Ons storie was om geskiedenis uit te graawe wat deur die apartheidsregime verdraai is en om dit openbaar te maak. Die toepaslikheid vandag is dat enigiemand wat toegang tot daardie deel van die geskiedenis geweier is, nou 'n smakie daarvan kry,' verduidelik Purkey. 20

- 3.1 Gee die teaterterm vir 'n 'gesamentlike poging deur 'n groep' (reël 2) om 'n toneelstuk te skep. (1)
- 3.2 Beskryf die gemeenskap van *Sophiatown*, die plek, in die 1950's. (4)
- 3.3 Maak voorstelle oor waarom *Sophiatown*, die toneelstuk, as 'n township-musiekvertoning geklassifiseer kan word. (3)
- 3.4 Ontleed hoe TWEE van die karakters in die toneeltekste 'n 'smeltkroes van kulturele verskille' (reël 10) weerspieël. (6)
- 3.5 Verduidelik hoe die akteur wat die rol speel van Charlie 'wat homself skaars kan uitdruk' (reël 14–15), sy vokale en fisiese uitbeelding onvergeetlik kan maak. (4)

- 3.6 Bespreek die aspekte van *Sophiatown* wat kan 'opvoed' en 'vermaak' (reël 16). Verwys na voorbeelde in die toneelteks om jou antwoord te ondersteun. (3 x 2) (6)
- 3.7 Stem jy saam met die stelling dat die intrige van *Sophiatown* 'n 'wonderlike storielyn vir 'n rolprent' (reël 19) sou maak? Motiveer jou antwoord. (6)
- 3.8 Reageer op die toepaslikheid van Purkey se stelling in reël 20–23 deur die temas en die toneelteks as 'n geheel te bespreek. (10)
- [40]**

VRAAG 4: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON D

**SIENER IN DIE SUBURBS – 'N ONDERHOUD MET DIE REGISSEUR,
HEINRICH REISENHOFER, DEUR STEPHANIE NIEUWOUDT**

'Toe ek hierdie manuskrip vir die eerste keer gelees het, het ek geweet dat ek daarmee wou werk. Ek glo dat dit voordelig is. Ek plaas dit op die Kaapse Vlakte wat dit 'n ander gevoel gee.'

Maar Reisenhofer het doelbewus weggebly van die negatiewe stereotipes van die gebied. Hy het ook nie aan die oorspronklike teks en dialoog gepeuter nie. 'Ek het 'n paar woorde wat tipies van die Kaapse Vlakte is, gebruik. Maar sodra mense hierdie manier van praat hoor, lag hulle en dit sou die aandag van die toneelstuk afgetrek het.' Dis 'n wipkarrit na tragedie. 5

Mis hy, as 'n wit Engelssprekende man, nie baie van die nuanses van die Afrikaanse teks nie? 'Daar is voor- en nadele verbonde aan die feit dat ek Engels is. Ek tel dinge in die teks op wat Afrikaansprekendes dikwels nie sien nie en ek glo ek het 'n goeie oor vir teks in vertolking (optrede). Ek wou nog altyd met Shaleen Surtie-Richards werk en ek kan nie enigiemand anders as sy in die rol van Ma voorstel nie. DJ Mouton as Albertus en Andrea Frankson as Fé. Hulle gee gewig aan die byspelers.' 10

Sy gunstelingkarakter? 'Giel is uitermate goed geskryf. Hy lyk dalk asof hy van minder belang is, maar in werklikheid dra hy die hele toneelstuk.' 15

Sy gunstelingstukkies dialoog? 'Tiemie se toespraak aan die einde van Bedryf 1: "Ek wou so graag van geweet wees." Dit som die wesentlike (kern) van die werkersklasgemeenskappe op. Waar mense hoop verloor het en drome inplof.'

- 4.1 'Ek (die regisseur) plaas dit (*Siener in die Suburbs*) op die Kaapse Vlakte wat dit 'n ander gevoel gee.' (Reël 2–3)
- 4.1.1 Identifiseer die oorspronklike plek (omgewing) waar die toneelstuk afspeel. (1)
- 4.1.2 Verduidelik, met verwysing na die toneeltekste, wat die regisseur se stelling oor die toepaslikheid van die toneelstuk te kenne gee. (3)
- 4.1.3 Motiveer jou eie keuse van plek (omgewing) waar die toneelstuk afspeel en dekorstel vir 'n produksie van *Siener in die Suburbs*. (6)
- 4.2 Verduidelik die belangrikheid van die rol van 'byspelers' (reël 14), soos Albertus en Fé, om die intrige van die toneelstuk te laat ontwikkel (vorder). (4)

- 4.3 Die regisseur noem dat sy gunstelingkarakter, Giel, 'uitermate goed geskryf' is. 'Hy lyk dalk asof hy van minder belang is, maar in werklikheid dra hy die hele toneelstuk.' (Reël 15–16)
- 4.3.1 Ontleed die redes waarom die regisseur kan voel dat Giel 'in werklikheid ... die hele toneelstuk' dra (reël 16). Verwys na die toneelteks om jou antwoord te ondersteun. (6)
- 4.3.2 Gee die regisseur raad oor die kostuum wat moontlik vir Giel se karakter geskik sal wees. (4)
- 4.3.3 Skep 'n spelershandleiding om voornemende akteurs vir 'n oudisie vir die rol van Giel voor te berei. ('n Spelershandleiding is 'n stel spelmetodes of -tegnieke.) (6)
- 4.4 Bespreek hoe *Siener in die Suburbs* 'die wesentlike (kern) van die werkersklasgemeenskappe' opsom (reël 18–19). Verwys na die toneelteks in die geheel in jou antwoord. (10)
[40]
- TOTAAL AFDELING B: 40**

AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994 – KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 5: NOTHING BUT THE TRUTH DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON F

**NOTHING BUT THE TRUTH – 'N RESENSIE
DEUR MARTIN BUZACOTT VAN THE AUSTRALIAN**

Dink aan jou perfekte toneelstuk – die een wat jou laat lag, huil en diep nadink het oor 'n baie belangrike kwessie.

Hierdie kragtige drama is 'n venster na 'n wêreld wat niemand wat gemaklik in middel-Australië woon, werklik kan verstaan nie. Maar dit raak ook ons gedeelde menslikheid diep.

John Kani, die Tony-bekroonde akteur en skrywer, verleen persoonlike waardigheid en 'n gevoel van morele gesag aan sy rol as Siphos Makhaya. Op die hoogtepunt van apartheid het Themba uitgelyk (in ballingskap gaan leef), en nooit weer teruggekeer nie. Wanneer hierdie goed gekonstrueerde toneelstuk begin, bring Themba se dogter, Mandisa Mackay (Rosie Motene), 'n mode-ontwerper, haar vader se as vir 'n Suid-Afrikaanse begrafnis terug. 5 10

Die koms van sy verengelsde (Engelse) broerskind ontlok komplekse gevoelens van liefde, verlies, afguns, woede en pyn in Siphos. As Thando, Siphos se lojale, Afrika-deur-en-deur dogter, het Moshidi Motshegwa 'n natuurlike lewenskrag en 'n gevoel van verdraagsaamheid wat haar vader se iesegrimmige (geïrriteerde) optrede skerper laat uitstaan. Motene se Mandisa, aan die ander kant, onderneem 'n reusagtige persoonlike reis en konfronteer 'n Afrika-erfenis wat sy nog net tweedehands verstaan het. 15

Hierdie briljante rolverdeling word baie goed deur Janice Honeyman se regie (spelleiding) ondersteun. Die toneelstuk se subtiliteite en die voortdurende verskuiwings tussen woede en vergifnis in Kani se monoloë word pragtig uitgebeeld. Die wysheid, emosionele krag en die uitsonderlike beheersing van teaterkuns wat daarin beliggaam is, maak *Nothing But the Truth* een van die boeiendste en treffendste teaterwerke wat jy waarskynlik ooit sal aanskou. 20

- 5.1 Identifiseer EEN 'baie belangrike kwessie' (reël 2) in *Nothing But The Truth* wat jou kan laat 'lag', 'huil' of 'diep nadink'. (2)
- 5.2 Verduidelik waarom jou keuse in VRAAG 5.1 'n 'baie belangrike kwessie' (reël 2) in die toneeltekst is. (2)
- 5.3 Bespreek of iemand wat 'gemaklik in middel-Australië woon' werklik hierdie toneelstuk 'kan verstaan', of nie. (Reël 3–4) (4)

- 5.4 Maak voorstelle oor hoe 'n akteur wat Sipho speel 'n vertoning kan lewer wat 'persoonlike waardigheid en 'n gevoel van morele gesag' (reël 5–6) uitbeeld. Verwys na vokale en fisieke karakterisering. (6)
- 5.5 Maak 'n dagboekinskrywing as die karakter Themba, waarin jy die politieke en persoonlike redes uitdruk oor waarom jy 'uitgewyk (in ballingskap gaan leef) het en 'n ooit weer teruggekeer (het) nie' (reël 7–8). (4)
- 5.6 Bespreek waarom Mandisa se aankoms 'komplekse gevoelens van liefde, verlies, afguns, woede en pyn' (reël 11–12) kon veroorsaak het. Verwys na voorbeelde in die toneeltekste. (6)
- 5.7 Beskryf DRIE verantwoordelikhede en pligte wat Janice Honeyman, as die regisseur van *Nothing But The Truth*, kan hê. (6)
- 5.8 Evalueer of *Nothing But the Truth* as 'een van die boeiendste en treffendste teaterwerke wat jy waarskynlik ooit sal aanskou' (reël 21–22) beskryf kan word, of nie. Verwys na die resensie en jou kennis van die temas van die toneelstuk as 'n geheel om jou antwoord te ondersteun. (10)

[40]

VRAAG 6: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE

Bestudeer BRON G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON G

GROUNDSWELL – 'N RESENSIE DEUR JIM HERBERT
twitter.com

Afguns, wraak, vrymaking – daardie elemente word soos 'n giftige (versmorende) mis in *Groundswell*, die kompakte, uitdagende (diepsinnige) riller saamgevat.

Die werklike mis wat 'n eensame gastehuis en omgewing aan 'n afgeleë Suid-Afrikaanse kus omsluit – bly ongesien. Die toneelstuk doen baie om die gevoel van onderdrukking daarvan oor te dra. Dit word weerspieël in die wyse waarop dit voorkom asof die drie karakters deur die verlede vasgevang is en hulle onvermoë om 'n weg te sien om 'n oplossing daarvoor te vind. 5

Regisseur Kyle Donnelly laat die spanning in die stuk teen 'n konstante tempo styg. Dit word bevorder/verhoog deur 'n toegewyde rolverdeling wat die komplekse wrywing tussen hierdie drie mense ontbloot. Die intimiteit van die arena-styl White Theatre verskerp ook die verontrustende gevoel van inperking wat in openlike konflik ontvlam, soos wat die eenbedryf vorder. 10

Hagopian se wrewelrige vertolking, met die vlietende blikke van die pyn agter die woede, gee die vertoning 'n aangrypende fokuspunt, veral wanneer Johan se verlede as 'n polisieman onthul word. 15

Die produksie se sober, amper lugstil gevoel word deur die onheilspellende (dreigende) gelui van 'n aflandige boeiklok oorheers.

Die gastehuis se dekor vertoon 'n halfhartige poging om 'n gevoel van die see, skepe, strande weer te gee (soos deur Kate Edmunds ontwerp).

- 6.1 Gee EEN rede vir die dramaturg se keuse van 'n titel vir die toneelstuk. (2)
- 6.2 Identifiseer die plek waar die toneelstuk afspeel. (2)
- 6.3 Verduidelik, met 'n karakterontleding, hoe die drie karakters 'deur die verlede vasgevang is en hulle onvermoë om 'n weg te sien om 'n oplossing daarvoor te vind' (reël 6–7). (6)
- 6.4 Ontleed EEN dramatiese oomblik wanneer 'die komplekse wrywing tussen hierdie drie mense' (reël 9–10) tot konfrontasie lei. (4)
- 6.5 Beskryf 'n 'arena-styl' (reël 10) teaterruimte. (2)

6.6 Evalueer die regisseur se keuse om hierdie toneelstuk op 'n arena-tipe verhoog op te voer.

Noem die toneelmatige doeltreffendheid van hierdie keuse ten opsigte van die volgende:

- Die akteur-gehoorverhouding
- Die dekorstel
- Die toneelspel

(6)

6.7 Maak voorstelle oor hoe die akteur wat Johan speel, kan verkies om 'die pyn agter die woede' (reël 13–14) in sy fisiese en vokale toneelspel uit te druk.

(4)

6.8 Assesseer die waarde daarvan om hierdie resensie te tweet, om 'n gehoor te lok.

(4)

6.9 Bespreek hoe Ian Bruce simbole gebruik om 'n 'uitdagende (diepsinnige) riller' (reël 2) op die verhoog te skep. Verwys na die resensie en die toneeltekste in die geheel.

(10)
[40]

VRAAG 7: MIS DEUR REZA DE WET

Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON H**MIS – 'N RESENSIE DEUR BEVERLEY BROMMERT**

Regisseur: Mdu Kweyama

Rolverdeling: Faniswa Yisa, Sonia Buqwana, Daneel van der Walt, Clyde Berning

Plek: Baxter Golden Arrow Studio – 2015

Beoordeling: 4 sterre (uit 5)

Surrealistiese drama word met eksentrieke (ongewone) humor gekombineer in Reza de Wet se *Mis* ... oor die reeksontvoering van jong meisies wanneer die sirkus op die dorp aankom ...

Die uiteensetting is stadig: twee vroue, moeder en dogter, berei sakke vir misaflewering voor; vervelige, herhalende werk wat slegs onderbreek word deur die geheimsinnige oopmaak van 'n valluik in die dak om kos in 'n emmer te ontvang. 5

Geleidelik word die gesin se bizarre (vreemde) omstandighede duidelik, net soos die diepgaande vrees vir onheil 'daarbuite' aangesien die sirkus op die dorp aangekom het, daarom is die slotte en grendels gereed en die gordyne toegetrek.

Gertie se ongerustheid oor wat die nag wat voorlê, kan oplewer, verduidelik haar besoek aan 'n huis wat sy as 'n veilige hawe beskou. 10

Geheime (Raaisels) en spanning is volop in die ongemaklike interaksie tussen hierdie buitengewone viertal, en die geskiedenis van draaiorrelmusiek af en toe is 'n herinnering aan die onheilspellende sirkus; amper 'n karakter in eie reg.

Daneel van der Walt (Gertie) steel die vertoning. Sy vertoon oujongnooiagtige skugterheid (skaamheid) wanneer sy clichés met gewigtige (diepsinnige) oortuiging (geloof) voordra om die somberheid van die stemmingsvolle drama te verlig. Wat Clyde Berning (Konstabel) aanbetref, sy aanvanklike onrusbarende (ontstellende) teenwoordigheid word meesterlik tot die finale oomblik uitgebou wanneer sy ware identiteit aan die toeskouers onthul word om hulle te skok. 20

Mdu Kweyama se spelleiding van hierdie sterk rolverdeling laat nie die aksie teen 'n reëlmatige pas plaasvind nie, maar dit skep wel die gevoel van dreigende onheil wat vir spannende drama noodsaaklik is. Dit verhoog ook die toneelstuk se monsteragtige (donker) stemming/gevoel, getrou aan die gees van De Wet se werk.

- 7.1 Bepaal of die resensent, Beverley Brommert, ten gunste van die toneelstuk is, of nie. Motiveer jou antwoord. (3)
- 7.2 Verduidelik 'die geheimsinnige oopmaak van 'n valluik in die dak' (reël 5–6). (3)
- 7.3 Maak 'n voorstel oor waarom die resensent die gesin se omstandighede as 'bisar(re) (vreemd(e))' (reël 7) beskryf. (4)

- 7.4 Verduidelik die ironie van Gertie se 'besoek aan 'n huis wat sy as 'n veilige hawe beskou' (reël 11). (2)
- 7.5 Volgens die resensent is '(G)eheime (Raaisels) en spanning (is) volop' (reël 12) in die toneelstuk.
- 7.5.1 Identifiseer TWEE oomblikke van dramatiese spanning in die toneelstuk. (2)
- 7.5.2 Beskryf hoe 'n regisseur tegniese produksie-aspekte kan gebruik om die oomblik van dramatiese spanning wat in VRAAG 7.5.1 geïdentifiseer is, te benadruk. (6)
- 7.6 Stem jy saam met die resensent se voorstel dat die sirkus ' 'n karakter in eie reg' (reël 14) genoem kan word? Motiveer jou antwoord. (4)
- 7.7 Beskryf DRIE vaardighede wat 'n aktrise wat Gertie speel, moet hê om 'die vertoning' te 'steel' (reël 15). (6)
- 7.8 Identifiseer die simbole wat in *Mis* gebruik word en bespreek hoe Reza de Wet dit gebruik om 'n 'monsteragtige (donker) stemming/gevoel' (reël 23–24) in die toneelstuk skep. Verwys na die resensie en toneelteks in die geheel. (10)

[40]**TOTAAL AFDELING C: 40**

AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

VRAAG 8

Bestudeer BRON I hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON I

Gebruik die prentjies hieronder as 'n prikkel vir jou antwoorde.

**SODRA JY EEN KEER JOU EIE WATER
AANGEDRA HET,
SAL JY LEER WAT DIE WAARDE VAN
ELKE DRUPPEL IS**



A

SPAAR WATER



B

Gevallestudie

Lerato het onlangs by haar hoërskool in 'n landelike gemeenskap in Suid-Afrika gematrikuleer. Sy was altyd geesdriftig oor Dramatiese Kunste op skool en het 'n lewendige belangstelling in die omgewing. Haar gemeenskap is ernstig deur die onlangse droogte in die land beïnvloed. Lerato het nie geld om universiteit toe te gaan nie, maar in plaas daarvan om ledig te wees, het sy besluit om haar inisiatief in te span. Sy het haar liefde vir die omgewing en Dramatiese Kunste gekombineer en haar eie gemeenskapsteatergeselskap op die been gebring. Sy het op Teater vir Bewaring en Opvoedkundige Teater gefokus. Sy het jou gevra om saam met haar te werk om 'n kort toneelstuk te skep wat die gemeenskap oor die belangrikheid van waterbewaring leer.

- 8.1 Definieer die volgende terme/begrippe:
- 8.1.1 Gemeenskapsteater (2)
- 8.1.2 Teater vir Bewaring/Omgewingsteater (2)
- 8.2 Noem TWEE vereistes om 'n gemeenskapsteatergeselskap te begin. (2)
- 8.3 Beskryf 'n moontlike storielyn vir 'n toneelstuk oor waterbewaring. (4)
- 8.4 Gee jou toneelstuk 'n titel. (1)
- 8.5 Kies 'n prentjie in BRON I wat jy as 'n plakkaat kan gebruik om jou toneelstuk te adverteer. Motiveer waarom jy dié prentjie kies. (3)
- 8.6 Assesseer die waarde van hierdie produksie vir Lerato se gemeenskap. (3)
- 8.7 Besin oor die lewenslesse wat jy uit Lerato se voorbeeld kan leer. (3)
- 8.8 Jy het besluit om die kenmerke van 'n teaterbeweging wat jy in Dramatiese Kunste bestudeer het, in die opvoer van jou produksie te gebruik.
- 8.8.1 Identifiseer EEN teaterbeweging wat jy op die opvoering van jou produksie kan toepas. (2)
- 8.8.2 Beskryf TWEE kenmerke van die teaterbeweging wat jy in VRAAG 8.8.1 geïdentifiseer het. (6)
- 8.8.3 Bespreek hoe jy die kenmerke van die beweging wat jy in VRAAG 8.8.1 geïdentifiseer het, op skeppende wyse op jou produksie kan toepas. Gebruik die vaardighede wat jy in Dramatiese Kunste geleer het. Jy kan na die volgende verwys:
- Gebruik van ruimte
 - Dekorstel, kostuums en rekwisiete
 - Getal toneelspelers
 - Aanbiedingstyl(e)
 - Akteur-gehoorverhouding (12)
- TOTAAL AFDELING D: 40**
GROOTTOTAAL: 150